

15 Augustus

Jesaja 6, (Teks: 6:1-8; 5a + 8b)

Die gereedheid van ware geloof

Jesaja ontvang hier die genade om by 'n bepaalde wisseling in die geskiedenis voor die driemaal Heilige God te staan, waarna hy een ding bo alles besef: GOD IS HEILIG. Dit is die wortel van 'n mens se geloof; wanneer jy God persoonlik ontmoet en tot die besef van sy Heiligheid kom - dat Hy altyd op sy troon sit vanwaar Hy oor alles regeer, hoe u omstandighede ook al mag verander.

Dat God heilig is en dat ons Hom mag ken en dien en deur sy liefde mag lewe, maak die lewe van elke mens sinvol. Dan moet u ook soos Jesaja kan sê: Hier is ek, Here, stuur my, gebruik my! Maar vooraf moet jy jou totale nietigheid en volkome sonde en onheiligheid teenoor God se heiligheid raaksien en erken. Dan moet jy ook oorweldig word deur God se genade in Christus wat deur sy kruisoffer vir ons volkome verlossing en versoening bewerk het.

Jesaja het onmiddellik hierdie sondevergifnis deur die geloof aanvaar en sy angskreet: "Wee my!" het geword: "Stuur my!" Dit is die gereedheid van ware geloof. Die vrug van ware sondevergifnis en geloof is dankbaarheid wat in diensbaarheid bewys word.

God wil mense in sy raadsplan gebruik. Daarvoor het hy ons geskape en het hy jou in 'n bepaalde ouderdomsgroep op 'n spesifieke plek geplaas. Die sonde maak ons ongehoorsaam, rebels en onbruikbaar. Maar deur Christus se soenverdienste word ons verlos en deur die werking van die Heilige Gees vernuwe om sy gestuurdes te wees. Christus het gesê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook".

Die heilige God roep jou en maak jou bekwaam vir die lewe. Ons kan uitroep: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee.

Sing: Psalm 116:9

Ds. S.A. Cilliers (Waterberg)